

Dinsdag 25 Julie

Skrifgedeelte: Filippense 2:12-18

Fokusgedeelte: Filippense 2:12, 13; HK Sondag 26, Vraag 70

Die doop en ons regverdiging en heiliging

Wat dit beteken om met die *bloed* van Christus gewas te wees, word in antwoord op Vraag 70 in die Kategismus soos volg aangedui: "... om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het." So verseker die doop ons van ons *regverdiging* voor God. Om Christus ontwil kan ons nou voor God verskyn asof ons nooit enige sonde gehad of gedoen het nie, asof ons self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir ons volbring het (HK, Antw. 60).

Wat beteken dit egter om met die Gees gewas te wees? Dit beteken dat Christus die sondaar ook *heilig*. Wat die inhoud van hierdie heiliging is, verduidelik die Kategismus soos volg: "... om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees, sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe." So verseker die doop ons van ons *heiliging* voor God. Dit kom daarop neer dat ons al hoe meer breek met die sonde in ons lewe en doen wat God wil hê ons moet doen. Op dié wyse word ons nuwe mense wat steeds meer die beeld van God, ons Vader, vertoon.

Dit is nie waar dat die regverdiging die werk van God is, terwyl die heiliging die werk van die mens is nie. Sowel die regverdiging as die heiliging is die werk van God. Die Kategismus stel dit duidelik dat die Heilige Gees ons vernuwe om "as lede van Christus *geheilig te wees*". In die vrae van die doop-formulier word gevra of die ouers glo dat hulle kinders "in Christus *geheilig is*" en daarom behoort gedoopte te wees.

Dit is wel waar dat die heiliging ook 'n roeping op die gedoopte plaas om hoe langer hoe meer die sonde af te sterwe en godvresend en onbesproke moet lewe. Die roeping van die mens tot heiliging sluit egter ten nouste aan by die heiliging as werk van God en vloei daaruit voort. Dit blyk duidelik as Paulus sê: "Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlore mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer" (Fil. 2:13, 14).

Daarom moet ons as gedooptes ons voortdurend van ons sondes bekeer en van harte daarna streef om in alles volgens God se wil te lewe. Ons moet ons daarvoor beywer om deur ons lewe te bewys dat God ons geroep en verkies het (2 Pet. 1:10). Daar moet by ons 'n lus en 'n liefde wees om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (HK, Antw. 90).